

**NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING VAN DIE BROODBOOMVERENIGING VAN SUID-AFRIKA WAT GEHOU IS OP SATERDAG 20 FEBRUARIE 2016 OM 09:00 TE EXCLUSIVE CYCADS PRETORIA**

**1. OPENING EN VERWELKOMING**

Nadat lede en belangstellendes verversings geniet het, is die vergadering geopen en het die Voorsitter almal teenwoordig welkom geheet.

**2. RAADSLEDE TEENWOORDIG**

Voorsitter: Dirk van der Walt - President

Sekretaris-tesourier: Ian Bassingthwaighte (IB)

Gekoöpteerde lid (webmeester): Pieter van der Walt (PvdW)

Redakteur van Encephalartos: Wynand van Eeden (WvE)

Streekstak Raadsverteenvoordigers:

Sentraal: John Kloppers (JK)

KZN: Gerald Schofield (GS)

Laeveld: Jan Joubert (JJ)

WesKaap: Johan Kotze (JKotze)

Noordelike Werkgroep: Piet de Bruyn (PdB)

Verteenvoordigers van die Oos-Kaap, Noordwes, Vrystaat en Noord-Kaap het nie die vergadering bygewoon nie.

**3. VERSKONINGS**

Geen

**4. GOEDKEURING VAN NOTULE**

Die vorige notule word goedgekeur.

## 5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE VORIGE NOTULE

Die Voorsitter sê hy het nie alles wat bespreek moet word op die agenda geplaas nie, aangesien dit onder “nuwe sake” voorkom.

Die Grondwet

(a) Taalverwerking : Die nuwe grondwet is goedgekeur met die “gate” wat nou geïdentifiseer is. IB het die taalfoute laat regstel.

(b) Die Grondwet is beskikbaar aan lede aangesien PvdW die gewysigde grondwet op die webblad geplaas het en WvE bevestig het dat dit ook in Encephalartos gepubliseer is.

**Voorstel:** Om in die toekoms ‘n elektroniese weergawe aan die lede te stuur. IB bevestig dat nuwe lede dit in ‘n boekieformaat sal kry en dat hy nog sal laat druk.

## 6. TERUGVOERING VAN RAADSLEDE

### (a) Kommunikasie vanaf Streekstakke deur die Streektakvertegenwoordigers

JK (Sentraal) -: Die tak het 'n goeie jaar gehad met 'n toename in opkomste (funksies en uitstappies), ten spyte daarvan dat die ledetal gedaal het. Die KZN besoek was geslaagd en ons bedank die KZN mense (Avis en Danie) wat ons met die reëlings gehelp het. Die tak het geld gemaak met die tombola tydens die AJV, waar 'n skaapbraai ook gehou is. Hoë-kwaliteit DVDs is ook ten duurste gemaak en die tak beoog 'n broodboomveiling om geld in te samel.

GS (KZN) -: Die tak het 'n goeie 2015 gehad en vier vergaderings gehou wat deur 35–45 mense per vergadering bygewoon is. Die Kersfees-afsluiting is by Brian Boswell (sirkus) gehou en 50 mense het dit bygewoon. Die tak het 'n stalletjie gehad by die *Witness Garden Show* en 'n goue medalje is verower. Gedurende Maart 2016 sal ons weer 'n stalletjie hê by die *Green Lifestyle* in Pietermaritzburg, waar plante van lede te koop sal wees. 10% van die verkope sal aan die tak geskenk word. Die tak het ook 'n uitstappie gehad na die Botaniese Tuine in Durban om, onder andere, Avis en Danie Nel se werk te aanskou waar hulle besig is om die plante wat deur Transnet geskenk is, te plant. Die AJV is op 7/2/16 gehou.

Voorsitter - : wens GS geluk vir die goeie bestuur van die tak waar daar in die onlangse verlede nie veel aangegaan het nie.

JKotze (Wes-Kaap) - : Die tak het volwassenheid bereik, dis prettig en die mense is positief en bereid om hulle hand in die sak te steek. Die tak se ledetal bly nou konstant met 109 lede, waarvan 25 tot 30 aktief is en dit geniet. Die tak het gedurende 2015 ses aktiwiteite gehad, onder andere, 'n toer na die Oos-Kaap waar Allan Tait se kennis dit voorwaar die moeite werd gemaak het. Daar is nog lede wat graag hierdie

toer in die toekoms sal wil ervaar. Die tak se finansies lyk nie sleg nie, maar is steeds te min vir alles wat gedoen wil word. Vir 2016 word sewe aktiwiteite beplan, onder andere, 'n wynproe (wat in 2015 baie geslaagd was) en *Vink se tuin*, waar WvE die inisiatief sal neem.

PdB (Noordelike werksgroep) - : 'n Groot probleem met die tak se aktiwiteite is dat aktiewe lede hulle versamelings verkoop het en die tak nie nuwe lede ingetrek kry nie.

JJ (Laeveld) - : Dit het goed gegaan in die tak en vier vergaderings is gehou. Vergaderings word gewoonlik deur 20 van die 80 lede bygewoon. Die finansies is gesond.

### **(b) Encephalartos (WvE)**

Behalwe vir die min bydraes wat ontvang word, gaan dit goed. Die lesers hou van reisverhale soos bv. die artikels wat die takke instuur van hulle toere en bywoning van konferensies soos bv. na Colombië. Die tydskrif word deur buitelandse broodboomverenigings verkies bo hulle eie tydskrif en hulle ontvang dit ook meer gereeld as hulle eie tydskrif. Die "Fokus op X- spesie" artikel kan bygewerk word en weer geplaas word. Die bywerking kan aan 'n paar lede gestuur word om 'n paragraaf of twee by te voeg.

Die tydskrif moet beperk word tot 36 bladsye om die voordeel van die spesiale tarief vir massapos te kan kry. Dit mag nie meer as 300g weeg nie.

Kommentaar: Japie Steenkamp sê dis 'n mooi en interessante tydskrif, maar daar moet gekyk word na die bekostigbaarheid daarvan.

Die tydskrif gebruik 80% van die begroting nl. R122 000 en kos R45.72 per eksemplaar om daar te stel. Die gesamentlike tydskrif wat Media24 kan uitgee is al bespreek en sal bydraes oor die bromelias, alwyne, orgidieë en vetplante insluit. Die koste sal met advertensies gedek word. Dr Piet Vorster het voorgestel dat daar eers net 'n jaarblad verskyn en elke Vereniging kan dan hulle 10 beste artikels in die jaarblad plaas. Hy vra ook of die elektroniese weergawes van die tydskrif nie beskikbaar gestel kan word nie. Die sagteware kan dan 'n intekenaar verhoed om die tydskrif gratis te kan aanstuur. 'n Verdere voordeel is dat dit 2/3 van die prys van die gedrukte weergawe sal kos.

PvdW noem dat Media24 'n elektroniese afdeling het en stel voor dat die voorsitters van die Streekstakke en Media24 vergader en dit ondersoek. Huidiglik kos 'n volblad advertensie wat broodboom-verwant moet wees, R500, waar dit moontlik na R2000 verhoog gaan word.

**Besluit:** JKotze en WvE moet dit ondersoek.

### **(c) Webtuiste (PvdW)**

Die besoekerstal het met ongeveer 2000 opgegaan sedert 2014, wat dit nou op 9700 te staan bring. In 2015 was daar 61% nuwe besoekers en 39 % vorige besoekers wat ons webwerf besoek het. Ons kry

besoekers van RSA (68 %), VSA (9%), Frankryk (2.5%), VK (1.48%), Brazil (1.37%) Japan 1.33%) en selfs Rusland in die 10e plek met 1%. Dit lyk verder of 33% vroue en 66% mans die web besoek.

Oor die betalingsopsies met PayPal is PvdW en IB van bakboord na stuurboord gestuur en het hulle steeds nie 'n oplossing vir elektroniese betalings nie.

Facebook: Baie interaksie tussen gebruikers en duisende lees die artikels. Die twee artikels wat die meeste gelees is en waarop reaksie ontvang is, was met die afsterwe van Prof Nat Grobbelaar en van Phillip Rousseau. Ook Jolanda Roux se artikel "Cycads under attack" en enige artikel oor broodboomdiewe lok altyd belangstelling uit.

Louis van Cycad Friends ('n nie-winsgewende organisasie) plaas altyd kennisgewings van die Vereniging. Dr Piet Vorster stel voor dat een lid van Cycad Friends gekoöpteer word in elke streekstak en een op die Raad. JKotze sê die verhouding tussen die Vereniging en Cycad Friends is baie goed, aangesien hulle 'n beter siening het van hoe die Vereniging werk. Die 10% afslag wat Cycad Friends vir hulle lede wou beding het, kon nie toegestaan word nie, aangesien die koste van die tydskrif op omtrent 80% van die begroting neerkom.

**Besluit:** volgens die Grondwet kan die Raad addisionele lede koöpteer vir spesifieke oogmerke.

(d) **Spesies hersien (WvE)**

WvE noem dat daar min gebeur het. In Uganda word 'n dam gebou en *E.whitelockii* wat uitgehaal is, word gerehabiliteer. WvE soek foto-materiaal van die projek. PvdW noem dat die kwaliteit van die fotos nie goed genoeg is om te plaas nie.

"Fokus op / Focus on" moet bygewerk word, met nuwe fotos en byskrifte. WvE noem dat Dr. Piet Vorster nie tyd het om dit te doen nie, maar ons moet iemand kry wat lus is daarvoor. Mans Kemp het in die verlede geskryf. Dit mag nie net 'n herhaling van 30 jaar gelede wees nie, maar daar is 'n voorstel dat dit op Facebook gegooi word en dan bygewerk word deur ons lede soos op Wikipedia. PvdW sê die Wikipedia tegnologie sal hy kan opsit. Voorstel dat een spesie per joernaal dan gedoen kan word.

**Besluit:** Wag vir PvdW om die nodige platform daar te stel.

(e) **Wetgewing (Japie Steenkamp)**

Japie noem dat die ontmoeting met Michelle Farb baie positief was en die *Cycad Survivor*-projek is goed ontvang.

Volgens Japie is daar min mense wat regtig weet wat die Regering se mening oor broodbome is. Die "nuwe" dokument is eintlik die bestaande dokument en is na die provinsies verwys vir kommentaar. Die groot probleem met die wetgewing is dat die provinsies en die regering nie altyd met mekaar

kommunikeer nie en ook nie dieselfde dinge sê oor iets spesifiek soos broodbome nie. Daar was die geval van plante wat wettiglik van KZN na Gauteng vervoer moes word en waar KZN al die plante gemikroskyf het, ook plante so klein soos 'n aartappel, wat beteken daardie plante gaan vrek. Mens sou glo hulle werk uit twee verskillende brondokumente.

Cornia Hugo het ook op Sentraaltak se AJV genoem dat voorgestel is dat sekere spesies vrygestel moet word van die permitstelsel, maar dat die skaars soorte nooit vrygestel moet word van 'n vervoerpermit nie. Japie en Adolf Fanfoni beoog om eersdaags die aangeleentheid met Magdeld Boshoff te bespreek.

Japie bevestig dat hy net op 'n mandaat sal optree, maar aanvaar ook dat indien hy skrywes uitstuur na die Raad, sonder om reaksie terug te ontvang binne die tydperk wat hy in sy skrywe noem, hy sal aanvaar dat hy kan voortgaan.

PdB noem dat die Vereniging nou vir die eerste keer erken word deur SANBI op vergaderings soos bv. die een in Polokwane. Dis baie positief. PdB is bekommerd dat SANBI /Michelle artikels plaas wat misleidend is, soos dat daar minder as 80 Albany Cycads (E.latifrons) oor is. Dis die soort artikels wat UNESCO noop om drasties te wil optree. UNESCO se riglyn is ook dat "jy nie 'n plant mag vrystel as dit verwar kan word met 'n ander plant nie". Die Vereniging moet vereis dat SANBI die misleidende artikel terugtrek en die regte feite weergee en ook noem dat daar tans meer as een miljoen E.latifrons bestaan. Hierdie artikel het ook in Beeld verskyn en hierdie wanvoorstelling is na die buite-wêreld uitgestuur. Soortgelyke beriggewing was ook in die Laevelder, maar hulle het later verskoning aangebied.

**Besluit:** Japie moet die vals beriggewing opvolg en versoek dat SANBI dit terugtrek. Japie moet ook die groot hoeveelhede sade wat ons lede ontkiem onder hulle aandag bring, en ook vir Michelle vergesel na kwekerye sodat sy die skaal van ontkieming kan sien. Dit bevestig weer dat ons lede die druk vanaf die plante in die natuur afhaal.

## **7. NUWE SAKE**

### **(a) Stemreg(JK)**

Artikel 7.1.2 van die Grondwet: Wat is die posisie van die uitgaande President t.o.v. stemreg waar hy nog vir 'n jaar sitting het op die Raad. Kan hy stem?

**Beslis:** Ja. Hy kan stem aangesien hy vir n verdere jaar aanbly as Raadslid.

### **(b) Vice-President (JK)**

Artikel 7.1.3 van die Grondwet: "Die Voorsitter van die Raad sal 'n beslissende stem hê". Die President is normaalweg die voorsitter, maar dis nie verpligtend nie. Daar is in 2015 gepraat van 'n "Vise-President" wat in die Grondwet ingeskryf sou word, en wat die posisie van die President sou inneem, indien die President nie beskikbaar is nie.

**Besluit:** Nie nodig om dit verder te omskryf nie of om die pos van 'n "Vise-President" daar te stel nie. Die President kan sy pligte deleger as hy nie beskikbaar is nie.

**(c) Samestelling van die Raad (JK)**

Die Raad verkies die President.

Volgens die Voorsitter verteenwoordig die Streekstakraadslid die lede van sy streek.

**(d) Wysiging van die Grondwet (JK)**

Artikel 12 van die Grondwet bepaal dat geen wysigings aan die Grondwet aangebring sal word nie sonder die goedkeuring van n twee-derde meerderheid van daardie lede wat oor die saak gestem het nie. 'n Geskrewe kennisgewing oor alle voorgestelde wysigings asook 'n uitnodiging om oor die saak te stem, moet minstens 30 dae voor die voorgestelde wysigings gemaak word aan alle lede van die Vereniging gestuur word.

**(e) Pligstaat van Raadslede (JK)**

**Besluit:** Geen pligstaat sal opgestel word nie omdat die Vereniging 'n vrywillige organisasie is en indien iemand nie sy werk doen nie, sal die stelsel hom/haar uitsorteer.

**(f) Streekstakke se geografiese gebied (JK)**

Die Vrystaatse lede vorm deel van die Sentraaltak, maar Sentraaltak kry nie die 10% voordeel nie.

**Besluit:** Die bedrag is minimaal. Los dit soos dit is.

**(g) Lewenslange Lidmaatskap (JK)**

Lede wat 65 jaar en ouer is, wat al 20 jaar lank 'n ononderbroke ten volle betalende lid van die Vereniging is, sal deur die Raad vir lewenslange lidmaatskap oorweeg word nadat 'n skriftelike versoek vir so 'n lidmaatskap ontvang is.

**(h) Deeltydse Setretaresse (JK)**

Exclusive Cycads het aangebied om in ruil vir vier advertensies in die tydskrif per jaar, die salaris van 'n deeltydse sekretaresse vir die Vereniging te betaal. Die sekretaresse kan help met die tydskrif waar nodig, met "bulk sms'e" en met die opdatering van die ledelys.

**(i) Lede Databasis (JK)**

JK verwys na 'n sagteware program waar mens kan kies watter inligting jy wil onttrek. IB maak gebruik van 'n ander program.

**Besluit:** Hardloop parallel met beide programme en versoek die intrekking van IB se data. Die databasis moet privaat bly en die bepalings van die *Protection of Personal Information Act 4 of 2013* moet nagekom word.

Kommentaar:

Gaan daar nie vroeë gevra word oor die gereelde gebruik van net een kwekery se fasiliteite nie?

IB vra hulp om ontslae te raak van ou tydskrifte.

GS versoek tydskrifte vir die KZN-tak.

**Besluit:** Enige persoon of kwekery kan versoek dat ons van hulle hulp en fasiliteite gebruik maak. Sodanige versoek sal oorweeg word. Daar moet egter 'n ooreenkoms opgestel word en duidelik uitgestippel word wat die werksverhouding sal wees en met vasgestelde "grense". Die eerste hulp wat ons van Exclusive Cycads sal aanvaar is om vir IB te help met die tydskrifte. PvdW sal die ou tydskrifte op die webblad en op Facebook adverteer, maar sal vir IB wag om 'n opname te doen van wat beskikbaar is. GS kan 50 tydskrifte neem vir sy tak se stalletjies.

**(j) Reis-en-verblyfkoste van Raadslede vir bywoning van vergaderings (JK)**

JK stel voor dat elke tak sy eie Raadslid se reiskoste betaal. Die Vereniging sal net die gekoöpteerde lede se reiskoste betaal.

Daar is 'n voorstel dat die Raadsittings deur die land moet roteer. Dit het egter groot koste-implikasies. Dit is wel belangrik vir die President om al die takke jaarliks te besoek.

**Besluit:** In 2015 het dit R23 000 per vergadering gekos. Omdat die vervoerkoste partykeer meer as die vliegkaartjies was, sal die Vereniging R3.50 plus werklike kostes soos bv. etol-gelde betaal vir die vervoerkoste per voertuig. Gehuurde voertuie moet ook so ver moontlik gedeel word en indien daar by vriende/familie oornag kan word, moet dit gedoen word.

**(k) Akademiese Komitee nooi sekere lede om aansoeke vir fondse te beoordeel (WvE)**

WvE stel drie persone voor om aansoeke vir navorsingsfondse te beoordeel. Al drie ken die literatuur en word internasionaal erken as broodboomkenners ten opsigte van taksonomie, biologie, ekologie en fisiologie.

Dr Piet Vorster: Universiteit van Stellenbosch

Dr Patrick Griffith: Montgomery Botanical Center, Miami, Florida, VSA

Prof Christina Lopez-Gellego: Universiteit van Antiogië, Medellin, Colombia

**Besluit:** Geen aanbeveling is gemaak nie.

**(l) Aansoek vir fondse vir Broodboomtuin in Vink se Arboretum – R20 000 (WvE)**

WvE noem dat daar 'n stuk grond te koop is in die Kaap wat geleë is in 'n groen gordel en omring is met 2meter hoë sekuriteitsheining. Die Wes-Kaaptak wil dit koop en met 130 broodbome beplant en so n broodboomtuin daarstel. Die tak gaan ook probeer om verdere skenkings van plante kry en gaan probeer om van die geld te in met borgskappe, maar versoek 'n bedrag van R20 000 vanaf die Vereniging.

Kommentaar: Japie Steenkamp is besorg dat 50% van die Nelspruit Botaniesetuin begroting aan sekuriteit gaan, maar ondersteun die projek.

IB sê daar is geld in die "Donasiefonds".

**Besluit:** Befondsing word goedgekeur. Alhoewel dit nie 'n lening is nie, kan van die geld terugbetaal word om ander projekte van die Vereniging te finansier.

**(m) Mandaat van Skakelbeampte (WvE)**

WvE wil weet met wie en oor wat die Vereniging se mediaskakelbeampte, Japie Steenkamp, praat. Japie sê hy praat net as hy 'n mandaat het.

**Besluit:** As Japie met die Staat/organisasies praat, moet hy 'n artikel, al is dit net 'n paragraaf, deurstuur na PvdW om op die Webblad of Facebook te plaas.

**8. WÊRELDKONGRES OOR BROODBOME IN 2018**

Die Bestuur van die Vereniging sal 'n komitee aanstel, met WvE as die sameroeper om oor die volgende aangeleenthede te besluit:



(a) Waar gaan die Kongres gehou word?

(b) Befondsing - gaan die Vereniging fondse van die Staat (SANBI)/ Natuurbewaring kry?

(c) Binnelandse toere/uitstappies - of daar enige toere/uitstappies voor of na die kongres gaan wees?

(d) Wanneer gaan die Kongres plaasvind?

Die Kongres is hoofsaaklik 'n akademiese kongres, maar die Vereniging beplan om parallel daarmee ook ander sprekers te kry vir die publiek vanaf die Vrydag tot die Sondag. Dit blyk ook asof die kongresgangers graag 2 habitate wil besoek. WvE verwys ook na die skrywe van Dr Piet Vorster wat noem dat "die kongresse 'n vaste struktuur en geaardheid het, waarvan nie afgewyk kan word nie". Ook dat die kongresgangers "die maksimum waarde vir (hul) geld en die beste gasvryheid moet ontvang". Ook dat "ons graag 'n reeks relatief informele voordragte wil aanbied oor onderwerpe soos saadontkieming, bestuwing, voeding, peste, ens". Verder reken hy dat die Vereniging nie baie geld gaan maak uit die Konferensie nie, maar eerder moet waak teen 'n finansiële verlies, wat die Vereniging nie kan bekostig nie. Daar moet eerder 'n 10–20% premie op al die dienste wat gelewer word bygevoeg word soos bv. behuising, vervoer, etes en uitstappies, om die Vereniging sodoende enige verliese te spaar.

**Besluit:** Wynand van Eeden is die Voorsitter van die Wêreldkongres en sal saam met John Kloppers die lede van die komitee aanstel.

## 9. VERKIESING VAN RAAD VIR DIE VOLGENDE TERMYN

John Kloppers word tot President verkies. Die ander poste en Raadslede bly soos voorheen.

JK bedank almal vir die vertrouwe wat in hom gestel is.

\_ \* \_ \* \_ \* \_ \* \_ \* \_ \* \_ \* \_ \* \_ \* \_ \* \_ \* \_ \* \_